Western Cape Government

Transport and Public Works

BETTER TOGETHER.









# **Annual Report to Citizens** for the Financial Year 2010/11

# **Jaarsverslag aan Inwoners** vir die Finansiële Jaar 2010/11

# **Ingxelo yoNyaka eya kuBemi** yoNyaka-mali ka- 2010/11




## Inhoud

| | Bladsy |
|---|---|
| 1. Wie ons is | 11 |
| 2. Wat ons doen | 12 |
| 3. Wie is in beheer | 13 |
| 4. Ons standaarde, hoe ons hulle handhaaf en die resultate wat behaal word | 14 |
| 5. Hoe ons beoog om ons dienste te verbeter | 19 |
| 6. Organisasie en personeel | 19 |
| 7. Begroting | 20 |
| 8. Kontakbesonderhede | 20 |
| 9. Waar u met ons in verbinding kan tree | 20 |

# 1. Wie ons is

Ons is die Provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke in die Wes-Kaapse Regering.

**Ons taak** is om kantoor- en stoorruimte en eiendomsbestuurdienste te verskaf aan provinsiale regeringsdepartemente; om infrastruktuur vir paaie en konstruksie te bou; om verkeersbestuur en openbare vervoerdienste te verskaf; en die koördinering van die Uitgebreide Openbare Werke Program in die Wes-Kaap.

**Ons visie** is die een wat van toepassing is vir die Wes-Kaapse Regering, soos bepaal deur die Wes-Kaapse Kabinet en verwoord in die Departement se Strategiese Plan 2010-2014. Dit lui soos volg:

"Om 'n gemeenskap van oop geleenthede vir almal te skep sodat mense lewens kan lei wat vir hulle waardevol is."

### Ons missie is:

"Die Department van Vervoer en Openbare Werke ontwikkel en handhaaf toepaslike infrastruktuur en verwante dienste vir volhoubare ekonomiese ontwikkeling wat groeiende werksgeleenthede skep en bemagtiging en geleenthede fasiliteer."



# Om ‘n gemeenskap van oop geleenthede vir almal te skep sodat mense lewens kan lei wat vir hulle waardevol is.


## 2. Wat ons doen

Die hoofdienste wat deur hierdie Departement gelewer word om sy grondwetlike en wetgewende mandaat na te kom, sluit in:

- Geïntegreerde beplanningsfasilitering en steun
- Professionele ontwikkelingsprogram-ondersteuning
- Koop en verkoop van vaste bates
- Eiendomsbestuur: regulatoriese dienste
- Kantoorruimtevoorsieningsdienste
- Eiendomsverhuringsdienste
- Eiendomsontwikkeling, beplanning, konstruksie, opgradering en instandhouding van infrastruktuur
- Beplanning, ontwerp, konstruksie, rehabilitasie en instandhouding van pad-infrastruktuur
- Optekening van ongeluksdata
- Bemagtiging van landvervoer-belanghebbendes
- Koördinering, fasilitering en implementering van vervoerveiligheids- en nakomingsprogramme
- Uitreik van bedryfslisensies aan openbare vervoeroperateurs
- Konstruksie en instandhouding van gesondheids- en onderwysfasiliteite, en regeringsgeboue
- Registrasie en lisensiëring van voertuie
- Uitreik van bestuurslisensies
- Sertifisering van motorvoertuie se padwaardigheid vir gebruik op openbare paaie
- Uitreik van permitte vir abnormale vrag voertuie en ongewone geleenthede op openbare paaie
- Wetstoepassing ten opsigte van vragperkoorskryding op nasionale en provinsiale paaie
- Lisensiëring van openbare vervoeroperateurs
- Registrasie van minibus-taxi- operateursverenigings
- Bystand aan openbare sektor liggame in verband met Uitgebreide Openbare Werke Program
- Kontrakteur-ontwikkeling

Wes-Kaapse Regering
Vervoer
en Openbare Werke

# 3. Wie is in beheer



**Robin Carlisle**

LUR vir Vervoer en Openbare Werke

Die Minister is Robin Carlisle. Hy is 'n verkose politikus en is verantwoordelik vir die bestuur van die Departement se aktiwiteite in ooreenstemming met die Provinsiale Departement se beleid.



**Johan Fourie**

Departementshoof

Die Hoof van Department (HvD) is Christian Johannes Fourie, 'n staatsamptenaar, wie se taak dit is om te verseker dat die Departement die Regering se beleid doeltreffend en doelmatig implementeer.

**Die Department van Vervoer en Openbare Werke ontwikkel en handhaaf toepaslike infrastruktuur en verwante dienste vir volhoubare ekonomiese ontwikkeling wat groeiende werksgeleenthede skep en bemagtiging en geleenthede fasiliteer.**




# 4. Ons standaarde - en hoe ons hulle nagekom het

Ons diensstandaarde word in oorleg met ons kliënte  vasgestel. Hieronder verskyn ons diensstandaarde en die resultate wat ons behaal het.

## Hoofdienste en diensstandaarde

| Departementele program | Hoofdienste | Standaard van diens | Werklike prestasie gemeet aan standaarde |
|---|---|---|---|
| Verkeers-bestuurdienste | **Om vervoerveiligheid te verbeter en om die implementering van geïntegreerde vervoer te bevorder; om toegang te verhoog tot veilige en doeltref-fende vervoer in die Wes-Kaap en om ver-dere steun te verleen aan die vermindering in die aantal padsterf-tes met 50% teen 31 Maart 2014.** | a) Padsterftes verminder tot 1400<br><br>b) 269 oudits wat gedoen moet word by die registrasie-owerhede, bestuurs lisensietoets-sentrums en voertuigtoets-sentrums | a) 1 476<br><br>b) 227 oudits afgehandel |
| Uitgebreide Openbare Werke Program | **Om Uitgebreide Openbare Werke Vaardigheids Ontwikkelingsprogramme te fasiliteer en ontwikkel en om konstruksiebedryfontwikkelings programme te implementeer.** | a) 1308 begunstigdes geteiken vir bedryfs-vaardigheids intervensies<br><br>b) 4 UOWP-nakoming moniterings-verslae wat onderneem moet word | a) Geleenthede vir vaar-digheidsontwikkeling verskaf vir 730 werklose jeugdiges deur middel van die Nasionale Jeug-diensvaardigheidsont-wikkelingsprogram;<br><br>b) 4 UOWP-nakoming moniteringsverslae onderneem in DVOW |




# Konsulteer

## Konsultasiereëlings met kliënte:

### Watter meganismes is in plek om met kliënte te konsulteer om hulle insette te verkry?

| Tipe van reëling | Werklike prestasies |
|---|---|
| **Verkeersbestuursdienste:**<br>a) Skakelbord<br>b) Hulpkantoor op 2de vloer, Dorp Straat 9<br>c) Eie e-pos-navraagdiens<br>d) Korrespondensie met toesighouer/ bestuurder<br>e) Bestuurslisensie-toetssentrums<br>f) Voertuigtoetssentrums | a) Skakelbordfasiliteite in werking by alle munisipale agente<br>b) Hulplessenaar by Dorpstraat 9, Kaapstad<br>c) Eie e-pos-navraagdiens<br>d) Korrespondensie met toesighouer/ bestuurder en ander sleutelpersoneel<br>e) Bestuurslisensietoetssentrums<br>f) Voertuigtoetssentrums<br>g) Inbelsentrum deur Cape Gateway |
| **Uitgebreide Openbare Werke Program**<br>a) Skakelbord<br>b) Hulpkantoor in Langstraat<br>c) Eie e-pos-navraagdiens<br>d) Korrespondensie met toesighouer/ bestuurder | a) Telefoonnavrae vanaf UOWP Vaardigheidseenheid of PRWK skakelbord<br>b) Hulpkantoor in Langstraat gesluit en dienste verskuif na Dorpstraat 15 onder Direktoraat UOWP- koördinering<br>c) E-posnavrae deur streeks-administrasiebeamptes: vaardigheidsontwikkeling<br>d) Korrespondensie behartig deur DVOW-registrasiekantoor en aangestuur na tersaaklike streeksbestuurders |



diens

## Strategie vir toegang tot dienslewering

### Waar word die diens verskaf?

| Toegangstrategie | Werklike prestasies |
|---|---|
| **Verkeersbestuursdienste**<br>a) Hulpkantoor op 2de Vloer, Dorpstraat 9<br>b) Bestuurslisensie-toetssentrums<br>c) Voertuigtoetssentrums | a) Hulpkantore by Dorpstraat 9, Kaapstad<br>b) Bestuurslisensietoetssentrums<br>c) Voertuigtoetssentrums<br>d) Registrasie-owerhede |
| **Uitgebreide Openbare Werke Program**<br>a) Hulpkantoor in Langstraat | a) Hulpkantoor in Langstraat gesluit en dienste geskuif na Dorpstraat 15 onder beheer van Direktoraat UOWP |





## Diensinligtingsinstrumente

**Watter meganismes is in plek om tersaaklike inligting aan kliënte te kommunikeer?**

| Tipes van inligtingsinstrumente | Werklike prestasies |
|---|---|
| **Verkeersbestuurdienste**<br>a) Webtuiste<br>b) Jaarlikse Prestasieplan<br>c) Jaarverslag<br>d) Hulpkantoor by bestuurslisensie- toetssentrums<br>e) Hulpkantoor by voertuigtoetssentrums | a) Webtuiste (Cape Gateway; Direktoraat; Nasionaal eNaTIS)<br>b) Jaarlikse Prestasieplan<br>c) Jaarverslag<br>d) Dienstoonbanke in gebruik by bestuurslisensie- toetssentrums<br>e) Dienstoonbanke by voertuigtoets- sentrums<br>f) Registrasie-owerhede<br>g) Hulpkantore by Dorpstraat 9, Kaapstad |
| **Uitgebreide Openbare Werke Program**<br>a) Webtuiste<br>b) Jaarlikse Prestasieplan<br>c) Jaarverslag<br>d) Hulpkantoor in Langstraat | a) Hersiening van webtuiste word onder- neem deur Kommunikasie Direktoraat van DVOW<br>b) Insette ten opsigte van vaardigheids- ontwikkeling beliggaam in gepubliseerde DVOW Jaarlikse Prestasieplan 2011/2012<br>c) Jaarverslag<br>d) A5-inligtingsbrosjure van konstruksie- bedryf innoverings- en bemagtigings- diens-programme ontwikkel en versprei<br>e) Hulpkantoor in Langstraat gesluit en dienste verskuif na Dorpstraat 15 onder koördinasie van Direktoraat UOWP |




## Klagtemeganisme

**Watter meganismes is beskikbaar vir kliënte om probleme, klagtes of komplimente voor te lê?**

| Klagtemeganisme | Klagtemeganisme |
|---|---|
| **Verkeersbestuursdienste**<br>a) Skakelbord<br>b) Hulpkantoor op 2de vloer, Dorpstraat 9<br>c) Eie e-pos navraagdiens<br>d) Korrespondensie met toesighouer/ bestuurder<br>e) Hulpkantoor by bestuurslisensie-toetssentrums<br>f) Hulpkantoor by voertuigtoetssentrums | a) Skakelbordfasiliteite in werking by alle munisipale agente<br>b) Hulpkantoor by Dorpstraat 9, Kaapstad<br>c) Eie e-pos navraagdiens deur Cape Gateway<br>d) Korrespondensie met toesighouer/ bestuurder en ander sleutelpersoneel<br>e) Hulpkantoor by bestuurslisensie-toetssentrums<br>f) Dienstoonbank by voertuigtoetssentrums<br>g) Inbelsentrum deur Cape Gateway<br>h) Dienstoonbanke by registrasie-owerhede |
| **Uitgebreide Openbare Werke Program**<br>a) Skakelbord<br>b) Hulpkantoor in Langstraat<br>c) Eie e-pos navraagdiens<br>d) Korrespondensie met toesighouer/ bestuurder | a) Telefoniese navrae deur UOWP Vaardigheidseenheid of PRWK-skakelbord<br>b) Hulpkantoor in Langstraat gesluit en dienste geskuif na Dorpstraat 15 onder koördinasie van Direktoraat UOWP<br>c) E-pos navrae deur streeksadministrasie-beamptes: vaardigheidsontwikkeling<br>d) Korrespondensie gehanteer deur DVOW registrasiekantoor en aangestuur na toepaslike streeksbestuurders |

## 5. Hoe ons beplan om ons dienste te verbeter

Om ons diensverskaffing deurlopend te verbeter, word ons Dienslewerings-verbeteringsplan waarin ons diens-leweringstandaarde voorkom, op 'n jaarlikse basis hersien, soos deur die Staatsdiens-regulasies vereis.

Die organisatoriese struktuur van die Departement word op die oomblik hersien en sal herorganiseer word om dit in ooreenstemming met die Provinsiale Strategiese Doelwitte en die strategiese doelwitte van die Departement te bring. In die 2012/2013 finansiële jaar sal die hersiene struktuur in werking tree.


Ons beplan om gedurende 2012/2013 ons dienste verder te verbeter:

- Deur die ontwikkeling van 'n departementele diensleweringshandves.
- Deur die ontwikkeling van 'n departementele koördineringskomitee geskep met die oog op verbetering van dienslewering.
- Deur die verbetering van ons dienslewerings-verbeteringsplan.


Ons diensleweringsverbeteringsplan, Strategiese plan, Jaarlikse Prestasieplan en Jaarverslag is openbare dokumente, wat op ons webtuiste gepubliseer word (www.westerncape.gov.za) en is ook op aanvraag beskikbaar.

### Inligting oor ras en geslag:

Wernemers volgens ras




Werknemers volgens geslag




Let wel: Werknemers volgens ras sluit buitelandse werkers uit (totaal 15).

## 6. Ons organisasie en personeel

### Ons het 1 631 personeellede in diens in die volgende gebiede:

| Gebied | Totaal |
|---|---|
| Kaapstad | 991 |
| Ceres | 120 |
| George | 27 |
| Oudtshoorn | 221 |
| Paarl | 272 |
| **TOTAAL** | **1 631** |



### Tale deur personeel gepraat soos op 31 Maart 2011

| Taal | Totaal |
|---|---|
| Afrikaans | 639 |
| Engels | 734 |
| Duits | 1 |
| Noord-Sotho | 2 |
| Sotho | 4 |
| Tsonga | 1 |
| Tswana | 2 |
| Venda | 1 |
| Xhosa | 247 |
| **TOTAAL** | **1 631** |

# 7. Ons begroting

**Ons begroting het R 4 000 096 000 beloop verlede jaar (2010/2011). Dit is hoe ons dit bestee het:**

| Program | Besteding 2010/11 R'000 |
|---|---|
| Vergoeding | 342 187 |
| Goedere en dienste | 1 117 056 |
| Oordragte en subsidies | 987 570 |
| Kapitaal besteding | 1 360 610 |
| Betaling vir finansiële bates | 431 |
| Rente en huurgeld ten opsigte van grond | 32 |
| **Totale Besteding** | **3 807 886** |

**Ons begroting per Program was soos volg:**

| Program | Besteding 2010/11 R'000 |
|---|---|
| Program 1: Administrasie | 152 290 |
| Program 2: Openbare Werke | 884 096 |
| Program 3: Paaie Infrastruktuur | 1 760 217 |
| Program 4: Openbare Vervoer | 744 513 |
| Program 5: Verkeersbestuur | 225 128 |
| Program 6: UOWP | 41 642 |
| **Totale Besteding** | **3 807 886** |

# 8. Kontakbesonderhede

### ALGEMENE NAVRAE

Telefoon: 021 483 4391
Faks: 021 483 8755

### HOOF VAN DEPARTEMENT

Telefoon: 021 483 8956
Faks: 021 483 5068
Epos: Johan.Fourie@pgwc.gov.za

Amp en naam: Hoof van Departement
Johan Fourie

### SEKRETARESSE

Telefoon: 021 4838956
Epos: Annje.Kleynhans@pgwc.gov.za

Amp en naam: Sekretaresse
Annje Kleynhans

### HOOF VAN KANTOOR

Telefoon: 021 483 3959
Epos: Sharonette.Webb@pgwc.gov.za

Amp en naam: Hoof van Kantoor
Sharonette Webb-Olivier

### KOMMUNIKASIE

Telefoon: 021 483 4391
Faks: 021 483 9471
Epos: Simon.Maneli@pgwc.gov.za

Amp en naam: Hoof van Kommunikasie
Simon Manelli

# 9. Waar u met ons in verbinding kan tree

## HOOFKANTOOR:

Straatadres:
8ste Vloer, Dorpstraat, Kaapstad 8000

Posadres:
Privaatsak X9185, Kaapstad 8000

**Provinsiale Regulasie Entiteit:**
Hulpkantoor: 021 483 0216

**Vangate Gedeelde-Dienste Sentrum:**
Posadres: Privaatsak X8, Goodwood 7460

## STREEKSKANTORE

**Ceres:**
Posadres: Privaatsak X2, Ceres 6835
Tel: 023 312 1120

**George:**

**Openbare Werke:**
Posadres: Privaatsak X6503, George 6530
Tel: 044 805 8700

**Provinsiale Regulasie Entiteit**
Posadres: Privaatsak 6512, George 6530
Tel: 044 802 3700

**Oudtshoorn**
Posadres: Privaatsak X617, Oudtshoorn 6625
Tel: 044 272 6071

**Paarl**
Posadres: Privaatsak X6003, Suider-Paarl 7624
Tel: 021 863 2020




PR: 121/2009 ISBN number: 978-0-621-38645-5